

SUIDWES BELEGGINGS EIENDOMS BEPERK

Verklaring van die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee

Die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee ("die Komitee") van Suidwes Beleggings Eiendoms Bepark het vir die jaar bestaan uit drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, in ooreenstemming met die bepalings van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig, ("die Maatskappywet"), terwyl die voorsitter van die Direksie, die Besturende Direkteur (Groep Hoof Uitvoerende Beampte), die Direkteur: Finansies (Groep Hoof Finansiële Beampte) en nog drie nie-uitvoerende direkteure die vergaderings van die Komitee namens die Direksie bygewoon het.

Die Komitee tree ingevolge 'n formele mandaat onder gesag van die Direksie op.

Ten einde te verseker dat die Komitee op 'n gestruktureerde basis gedurende die jaar sy pligte nakom, is 'n Werkplan geskep wat die sakelys van die onderskeie komiteevergaderings ondersteun.

Die belangrikste rol en funksie van die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee is:

- Om die Direksie by te staan om dié se verantwoordelikhede ten opsigte van die beveiliging van bates na te kom;
- om die Direksie tevrede te stel dat voldoende finansiële- en bestuurskontroles in die Groep bestaan, en dat alle wesentliche korporatiewe risiko's geïdentifiseer word en die nodige aandag geniet;
- die daarstelling en uitvoering van doeltreffende stelsels van interne beheer;
- om toe te sien dat interne-, finansiële en bedryfskontroles nagekom word;
- om die geïntegreerde verslagdoening, asook finansiële inligting wat deur die Maatskappy verstrek word, na te gaan;
- om te verseker dat 'n effektiewe risikobestuurstelsel bestaan wat nie net risiko's identifiseer nie, maar dit ook aanspreek;
- om te verseker dat inligtingstegnologie risiko's en -kontroles, sowel as inligtingsekuriteit en -vertroulikheid, voldoende aangespreek word;
- om besigheidsvolhoubaarheid te oorweeg; en
- om die Maatskappy se nakoming van wette en regulasies te beoordeel.

In die uitvoering van sy mandaat is die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee in sy uitsluitlike diskresie geregtig om onafhanklike advies oor enige aangeleentheid in te win. Die voorsitter van die Komitee is ingevolge die mandaat daarvan 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

Die samestelling van die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee, soos op 30 April 2014, word in die Direkteursverslag van Suidwes Beherend (RF) Eiendoms Bepark op die Maatskappy se amptelike webwerf (www.suidwes.co.za) aangetoon.

Ingevolge die vereistes van die Maatskappywet moet die Maatskappy se Ouditkomitee jaarliks onafhanklike eksterne ouditeure nomineer vir aanstelling as ouditeure van die Groep. Die Oudit-

, Risiko en IT-Komitee bepaal die ouditeure se aanstellingsvoorwaardes en vergoeding en moet alle opdragte aan die ouditeure vir nie-uditwerk vooraf goedkeur.

Die Komitee bespreek en adviseer die Direksie ook oor die volgende sake:

- Die afsonderlike en gekonsolideerde finansiële jaarstate, verslagdoening, openbaarmaking en rekeningkundige beleid.
- Transaksies wat nie in die gewone loop van besigheid aangegaan word nie.
- Interne auditmandaat, asook interne auditbeplanning en -verslae.
- Eksterne auditbeplanning en -verslae vir sowel die interim as die finale audit, asook die onafhanklikheid van die eksterne ouditeure.
- Nakoming van wetlike vereistes, die kode van korporatiewe praktyke en die etiese gedragskode van die Groep.
- Kommunikasie met die Uitvoerende Bestuur en die Ouditeure.
- Die effektiwiteit van bestuursinligting en interne beheerstelsels.

Suidwes maak gebruik van die dienste van Whistle Blowers waar gevalle van onetiese optrede, bedrog, oortreding van wetgewing en ander onreëlmatighede anoniem aangemeld kan word. Benewens Whistle Blowers se dienste beskik Suidwes oor 'n onafhanklike tolvrye telefoonlyn waar gedrag soos hierbo genoem, eweneens anoniem aangemeld kan word. Die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee ontvang die volledige rekord van alle oproepe wat na hierdie fasiliteite gemaak word, met 'n verslag van die aksies wat ten opsigte daarvan geneem is.

Die Komitee vergader drie keer per jaar ten einde sy werksaamhede uit te voer. Benewens die persone in die eerste paragraaf hierbo genoem, word die Komitee se vergaderings deur die eksterne ouditeure, interne ouditeure en senior bestuurslede (op uitnodiging, van tyd tot tyd) bygewoon.

Onafhanklikheid van die ouditeure

Hiermee word ingevolge artikel 94(7)(a) van die Maatskappywet verklaar dat die eksterne ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ingelyf, onafhanklik van die Maatskappy en sy filiale is.



AJ Botha
Voorsitter van die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee
2 Julie 2014